

## Die BabaGim-massering help ons Kegan ontspaan en ontwikkel

Diamari Schoeman

Op 20 Junie 2014 het die wonderlikste ding met ons gebeur; ons liefeling seun, Kegan is gebore. Sy geboorte was egter nie 'n feeveerhaal nie. Kegan was 'n brug baba. Hy is onmiddellik na geboorte na die Neonatale ICU geneem en die voorreg om ons pasgebore baba te omhels is van ons ontnem.

Ons kon hom eers vyf ure na geboorte sien en toe ons in die neonatale eenheid arriveer vind ons hom aan 'n ventilator en verskeie pype gekoppel. Die personeel het hom met boontjiesakke vasgepak om te verhoed dat die pype skuif of uitgetrek word. Hy is met longontsteking gebore en moes sewe dae in die eenheid bly. Nodeloos om te sê dit was vir ons ouerharte baie moeilik om ons pasgebore babatjie so te sien.

Eers op dag vier was ek bevoorreg om my *liefie-lyf* vir die eerste keer vas te hou. Uiteindelik breek dag sewe aan en kon ons, ons bondeltjie vreugde sy eie kamer gaan wys.

Gou het ons agter gekom dat Kegan so bietjie ekstra aandag nodig het. Kegan se handjies was permanent in vuisies getrek en sy toontjies omgekrul. Hy het ook deurentyd sy koppie na die een kant getrek. Ons leer toe later dat hy sy handjies en voetjies in vuisies trek om homself te beskerm, sy lyfie moes in ICU gereeld met 'n naald gesteek word en later leer die lyfie om aanraking met pyn te assosieer. Die boontjiesakkies in die neonatale-eenheid het ook veroorsaak dat sy nekkie beweeglikheid verloor het.

Genadiglik kruis 'n engel toe my pad... BabaGim Instrukteur Diamari Schoeman het my geleer om Kegan van kop tot tone te masseer en sy handjies en voedjies oop te vryf. Sy het ook gewys hoe ons met eenvoudige BabaGim oefeninge sy suig-refleks kan stimuleer om voeding te verbeter. Na slegs 'n paar weke se daaglikse massering het ek 'n totale ander kind gehad! Ek kan onomwonde sê dat BabaGim werk en, as jy as Mamma jou deel doen, sal jy verseker die resultate sien.

'n Paar maande later toe Kegan nie wou begin kruip nie het ons by BabaGim 3 aangesluit. Diamari het ons met kruip-oefeninge gehelp en weer het die resultate boekdele gespreek. Diamari is 'n engel sonder vlerke, sy was en is steeds vir my meer as net 'n BabaGim Instrukteur. Sy werk so mooi met die kleingoed en is so kalm en ontspanne met hulle. Sy staan altyd reg om daai spreekwoordelike ekstra-myl te loop. Jy is 'n wonderlike mens Diamari en voortreflik in wat jy doen! Baie dankie vir die verskil wat jy in ons as ouers én Kegan se lewe gemaak het!

As jy hier lees en wonder of jy BabaGim moet oorweeg, moet asseblief nie twyfel nie. BabaGim is 'n belegging in jou kind se lewe en jy sal verseker voordeel hieruit trek. Ek beveel BabaGim met vrymoedigheid aan vir enige nuwe ouer.

